Privaatsak X2038
OBERHOLZER
2502

Tel.: (018) 787 4171
Faks: (018) 787 4172

Webtuiste adres:
www.laerskooldagbreek.co.za

Laerskool Dagbreek

GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

OMSENDBRIEF 19 /2018 **13 November 2018**

Geagte Ouers

Ons bring graag die volgende onder u aandag.

1. Eksamen

Baie sterkte aan al die leerders met die eksamen wat op Woensdag, 14 November begin. Ons vertrou dat die leerders hard sal leer. In baie vakke is die eksamenpunt die enigste punt wat tel vir die vierde kwartaal.

2. Uitteken van leerders

Die reëls bly dieselfde as u kind uitgeteken word. Reëlings moet vooraf getref word oor wie die leerder uitteken. 'n Telefoonoproep is nie aanvaarbaar nie. Daar moet skriftelike reëlings getref word. "Maatjies" wat gedurende skooltyd besluit om na skoolure by mekaar te gaan kuier, skep geweldige uitdagings.

Eerstens gebruik hulle hul selfone in skooltyd wat teen die skoolreëls is en die ouers is nie altyd bewus van die reëlings nie.

Dit skep spanning by die skool as die ouer by die skool kom om sy kind te kom haal en die kind is by 'n vriend of elders.

Die skool sluit Woensdag 12 Desember vir al die leerders. As u besluit om u kind nie skool toe te stuur nie, doen elke ouer dit op hulle eie verantwoordelikheid. Alle assessering sal op Maandag 26 November afgehandel wees.

3. Getroue skoolbesoek

Laerskool Dagbreek se getroue skoolbesoek sertifikate sal bepaal word tot en met Maandag 26 November 2018.

4. Rapporte

Rapporte sal Woensdag 12 Desember vanaf 07:30 tot 10:00 beskikbaar wees. Geen leerder se rapport sal voor die datum aan ouers of leerders gegee word nie. Ons verstaan dat daar baie geldige redes is waarom ouers die rapporte vooraf wil hê, maar dit is moeilik om uitsonderings te maak.

5. Beplanning

Op Donderdag 13 Desember sal Laerskool Dagbreek se personeel nie beskikbaar wees by die skool nie.

6. Skool heropen

Die skole heropen op Woensdag 9 Januarie 2019.

7. Hekke

Baie ouers is bekommerd oor die veiligheid van hul kinders. Die Beheerliggaam probeer hul bes om Laerskool Dagbreek se terrein so veilig as moontlik te maak. Daar is nuwe hekke geïnstalleer om toegang tot die terrein te beheer. Van tyd tot tyd betree daar persone die terrein wat ons leerders se veiligheid in gevaar stel.

Al doen ons dit vir ons leerders se veiligheid, sal daar altyd nuwe uitdagings wees waaraan aandag gegee moet word. Ons doen 'n vriendelike beroep op u om **nie die hekke te forseer** om oop te gaan nie.

Die Beheerliggaam besef dat daar 'n uitdaging is vir die persone wat die Graad R leerders kom afhaal. Tans is daar genoeg hekke wat toegang verleen tot die terrein.

Ons respekteer al u verskillende sienings, maar vertrou dat u sal onthou dat baie pogings aangewend word om Laerskool Dagbreek 'n veilige skool te maak.

8. Boelies / Onaanvaarbare gedrag

Onaanvaarbare gedrag is 'n wêreldwye uitdaging. 'n Studie het onlangs getoon dat die hoofoorsaak daarvan, familie- en gesinsgeweld is. Ek kan baie skryf oor Boelie-gedrag van leerders, maar ongelukkig ook van volwassenes wat ons gereeld met dieselfde gedrag moet hanteer.

Tradisioneel is die meeste mense se geduld en selfbeheersing nie baie goed hierdie tyd van die jaar nie. Die spanning van die eksamen dra by tot baie konflik. Ek was vandag geskok oor 'n leerder se opmerking teenoor 'n mede-leerder.

Ons moet optree volgens die Skolewet. Ek doen weer 'n vriendelike beroep op elke ouer om gereeld met u kind te gesels. Poog asseblief dat daar positiewe kommunikasie tussen u en u kind sal wees. Ek vertrou dat u, u kind kan bemagtig met positiewe vaardighede, maar ook met hulle sal gesels oor moontlike foute wat hulle maak. Dit maak my bekommerd as ek met ouers gesels en hoor dat hulle kind geen respek teenoor hulle openbaar nie en dat die leerders hulle nie aan dissipline by die huise steur nie.

Bogenoemde maak die taak van die skool uiters moeilik.

9. Atletiek

Soos u reeds bewus is, is daar begin met die Atletiek-uitdunne vir 2019. Die vakansie is korter as gewoonlik. Ons moedig die leerders aan om te begin oefen as hulle hul vermoëns wil verbeter.

10. Graad 7 en LSOB leerders

Ons wens die Graad 7 leerders en LSOB-leerders (wat ons verlaat), alles wat mooi is toe vir die Hoërskool. Baie dankie aan elke leerder en ouer wat 'n positiewe bydrae gelewer het by Laerskool Dagbreek. Dit word opreg waardeer.

Baie sterkte aan al die ander leerders wat die skool verlaat aan die einde van die jaar.

11. Verjaarsdae

Ons roep reeds leerders wat na die eksamen verjaar om hulle geluk te wens. Ek is bang dat die leerders nie by die skool is nie en ek nie die voorreg het om hulle geluk te wens nie.

12. Vakansie

Ons wens almal 'n mooi Geseënde Kersfees en voorspoedige 2019 toe.

13. Skoolfonds

Baie dankie aan al die ouers wat so getrou hulle skoolgeld deur die jaar betaal het. Ons doen 'n vriendelike beroep op die ouers wat agterstallig is, om 'n reëling so spoedig moontlik te kom tref. Die skoolgeld moet teen die einde van November 2018 volledig betaal wees vir die jaar.

14. Belangrike datums

Woensdag	14 November	- Eksamen Wiskunde graad 4 en 5 Eksamen NW/Tegnologie graad 6 Eksamen Tegnologie graad 7 Gradeplegtigheid Graad R
Donderdag	15 November	- Eksamen Engels graad 4 en 5 Eksamen SW (Geo) gr 6, 7
Vrydag	16 November	- Eksamen SW (Geo) graad 4 en 5 Eksamen Wiskunde graad 6 Eksamen Engels graad 7
Sondag	18 November	- Me. M. Michau verjaar
Maandag	19 November	- Eksamen Afrikaans graad 4 en 5 Eksamen Engels graad 6 Eksamen NW graad 7
Dinsdag	20 November	- Eksamen NW/Teg graad 4 en 5 Eksamen Afrikaans graad 6 Eksamen Wiskunde graad 7

Woensdag	21 November	- Eksamen Kuns graad 4, 5, 6 en 7 Eksamen Afrikaans graad 7
Donderdag	22 November	- Eksamen Lewensv. graad 4,5 en 6 Eksamen EBW graad 7
Vrydag	23 November	- Eksamen SW (Gesk) graad 7
Maandag	26 November	- Eksamen SW (Gesk) graad 4,5,6 Eksamen LO graad 7
Woensdag	12 Desember	- Skool sluit vir leerders Ontvang Rapporte
Donderdag	13 Desember	- Geen Personeel by die skool
Vrydag	14 Desember	- Skool sluit vir Personeel
Sondag	16 Desember	- Me. Julia Makgale verjaar
Maandag	24 Desember	- Me. S. Moscos verjaar
Dinsdag	15 Desember	- Mnr. Johannes Makgale verjaar
Vrydag	28 Desember	- Me. Michél Ebersohn verjaar
Dinsdag	2 Januarie	- Me. M. Troskie verjaar
Woensdag	3 Januarie	- Mnr. L. Carelsen verjaar
Saterdag	6 Januarie	- Mnr. W. Carelsen verjaar
Maandag	7 Januarie	- Skool open vir die personeel
Dinsdag	8 Januarie	- Verwelkoming Graad R en 1 Me. A. du Plessis verjaar
Woensdag	9 Januarie	- Skool heropen vir die leerders Atletiek uitdunne
Donderdag	10 Januarie	- Atletiek uitdunne Mnr. Thabang Seekane verjaar
Vrydag	11 Januarie	- Daggies Kampioenskappe

15. <u>Gedagte van die week</u>

' Teaming up with other people who want to make a difference is the multiplying factor that make s it possible for an individual to change a family, a community, a city, a country – the world. ' - John C. Maxwell

Vriendelike groete

Mnr. P.W. van Heerden
Hoof